# DIE EWIGE VERBOND

Die laaste 7 jaar van die 490 jare van Dan. 9 is 'n baie belangrike kernwaarheid i.v.m. die Ewige Verbond. Dit het te doen met dit wat JaHUaH gesweer het aan AbraHam. Dan. 9 is gegee sodat hulle Messias JaHUsha sou kon herken as Hy kom.


> Dan. 9:24 Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf.
> Dan. 9:25 Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid.
> Dan. 9:26 En ná die twee en sestig sewetalle **sal 'n Gesalfde uitgeroei word**, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.
> Dan. 9:27 En hy sal **een week** lank met baie **'n sterk verbond sluit** *(confirm the covenant with many)*, en gedurende **die helfte van die week** sal hy slagoffer en spysoffer **laat ophou**; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.

Sewentig "sewetalle", dit is 70 x 7 = 490. Eerstens het ons iets soortgelyks simbolies in Jos. 6 raakgeloop toe hulle die Beloofde Land moes ingaan (die demonstrasie van die 7 dae en die 7 keer or die 7e dag). So, dit is belangrik vir ons om op te let wanneer ons die Geestelike Beloofde Land wil ingaan.

JaHUsha het gesê dat ons 70 x 7 keer moet vergewe. Toe Daniël begin bid het in Dan. 9, het hy al die sondes van sy volk, Israel, bely. Die aantal jare was daarna volgens die profesie gegee as 490 jaar vir die herstel van sy volk (vanaf 457 voor Messias tot 34 na Messias). Dan sou sy volk (Israel) vergifnis as 'n nasie kon kry. Die profesie is heeltemal vervul toe JaHUsha as die Lam gekom het om versoening te doen vir hulle sondes en Stefanus het die laaste gedeelte van die 7 jaar beëindig (wat 1 260 dae was) toe hy hulle met sy getuienis 'n laaste kans gegee het om die Goeie Nuus van die Koninkryk van die Hemel en JaHUsha as Messias te aanvaar, maar hulle het dit wat aangebied is verwerp en hom gestenig. Daarom het die dissipels daarvandaan omgedraai en die Goeie Nuus aan die nasies verkondig ... die periode van die 7 jaar was nou opgevul, presies soos wat Dan. 9 dit geprofeteer het. Wat JaHUaH gesweer het, het Hy gedoen.

Die laaste "week" (7 jaar) of "shabuwa" is die vervulling van dit wat die Woord beskryf: "JaHUaH het by Homself gesweer". Om te sweer is "shaba" en " 'n sewetal" is 'n "Shabuwa", wat ons dan verstaan as 'n "week".

"SEVENTY WEEKS ARE DETERMINED UPON THY PEOPLE"
490 YEARS




Soos gesê is, is die woord "shabuwa" vanaf die wortelwoord "shaba" wat beteken "om te sweer" (Strong's H7650).

Dit neem ons dan terug na Gen. 22:16, Heb. 6:13 – 18 en na Gen. 15:17 – 18 waar die daad van die "sweer by Homself" plaasgevind het, naamlik toe Elohiem as Twee Entiteite die Verbond met Abram gemaak het (Gen. 15:18) en JaHUsha het as Een van die Twee Entiteite gekom om Sy lewe te gee vir Abram en sy nageslag (fisiese en geestelike nageslag, Gal. 3) se verbreking van die verbond ... want om so tussen deur die dooie, geslagte diere te beweeg het beteken dat om die Verbond te verbreek, daardie een gedood sal word net soos die diere waardeur hulle beweeg het. Dis waarom JaHUsha Elohiem 'n Mens geword het om juis dit te kom doen in plek van die sondige mens wat die dood verdien (Fil. 2:6 – 8).

> Gen 15:17 En ná sononder, toe dit heeltemal donker was, gaan daar 'n **rokende oond** en **vurige fakkel** tussen dié stukke vleis deur.
> Gen 15:18 Op dié dag het JaHUaH **met Abram 'n verbond gesluit** ...
>
> Gen 22:16 en sê: **Ek sweer by Myself**, spreek JaHUaH, omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie,
>
> Heb 6:13 Want toe Elohiem aan Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, **by Homself gesweer**

Die Ancient Hebrew Lexicon 2808 (N) skryf oor "shaba" (om te sweer), die volgende:

> "Literally to seven oneself. A common practise was to make 7 declarations when making an oath. This declaration can be making the oath 7 times or doing 7 things to show the sincerity of the oath."

JaHUsha het Hom dus by die Eed gehou en die Verbond bevestig (Dan. 9:26 – 27). Hy sou Sy bediening rondom die Fees van Tabernakels, 27 n. M. begin het en dit beëindig het met sy dood gedurende die Pasga van 31 n. M. Dit het weer die sisteem van die Melgisèdekorde laat hervat. Sy geboorte gedurende die Fees van Tabernakels was 4 v. M. en toe Hy 30 geword het, het Hy Sy bediening begin.

Dit het die eerste helfte van die 7 jaar beslaan, die 1 260 dae (tyd, tye en 'n halwe tyd). Dit was die bekragtiging van die Verbond wat Hy her-ingestel het omdat die Melgisèdekorde op ys geplaas is weens die aanbidding van die Goue Kalf wat gevolglik die tydelike Levitiese sisteem laat ontstaan het (Num. 3) en dit het net geduur tot JaHUsha dit weer kom omkeer het (1 Pet. 1:18 – 19)... dít was die helfte van die laaste "shabuwa" van die 490 jare. Die tweede helfte van die laaste "shabuwa" het geëindig met Stefanus.

Profesie en geskiedenis is soos 'n wiel. Daar is die binneste deel van die wiel wat ons met hierdie laaste "shabuwa" kan vergelyk ... dit het 'n gat in die middel (wat JaHUsha se folterdood **in die middel** van die "Shabuwa" verteenwoordig) en dit is die Ewige Verbond van die Lam wat geslag is voor die grondlegging van die wêreld, m.a.w. voordat dat daar tyd en ruimte was.

Die draai van die wiel as geheel (Persoonlik of Globaal) hang af van hierdie klein gaatjie in die middel, van JaHUsha se folterdood/offer en dit dryf alle geskiedenis en profesie en dis basies al waaroor die geheel van die Woord handel.



© Can Stock Photo

Ons kan altyd bid en pleit op die Ewige Verbond, want as Geestelike Israel en die geestelike nageslag van Abraham deur geloof, het Hy ook ons sondes op Hom geneem sodat ons sonder sonde voor Hom kan verskyn.

0-0-0-0-0-0

AndriYaH
Desember 2017